UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## USBD vernuwe sy beeld

## JS Gericke gerat vir 21ste eeu

# Archie September: 41 jaar by US

Groen Woordfees propvol vermaak | Highlights of SU service-learning | Profs Arnold en Magda gesels | Tips to lower stress levels

JAAR 20#2 MAART 2012 YEAR 20#2 MARCH 2012

## contents inhoud


My kampus: Archie September vier 41 jaar aan die US ..... 3
Matie defends Dusi title successfully ..... 4
SU hosts its biggest diplomatic visit ..... 5
Afrikaans as wetenskaptaal kry hupstoot ..... 6
DNA data made easier with new equipment ..... 7
Staff and students share experiences abroad ..... 8
USBD spog met nuwe voorkoms ..... 9
'n Biblioteek vir die 21ste eeu ..... 10
SU becomes a leader in service-learning ..... 11
Woordfees bring sterre na Stellenbosch ..... 12
Kampuslewe: Eet, lees en luister ..... 13
Wellness: Lower your stress levels ..... 14
In gesprek met ons oud-viserektore ..... 15
Brokkies in beeld ..... 16



9


12


15


*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Anton Jordaan
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za


UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

Waar ek nou sit in die kantoor in Admin B word daar druk gewerskaf aan die Wilcocks-gebou langsaan: bouers skreeu en planke, staalpype en bakstene word rondgegooi terwyl die klank van 'n boor bydra tot die kakofonie. En as die bouers effens stil raak, hoor jy die geruis van studente wat in die straat stap en gesels.

Loop jy oor die Rooiplein, bevind jy jou in 'n kleine warboel van studente en personeel. Ja, Stellenbosch se kampus is weer vol lewe en energie. En, soos op al die US se ander kampusse ook, is die akademiese jaar weer in volle gang.

Dit geld ook al die Universiteit se ander bedrywighede. Dié maand vertel *Kampusnuus* jou van 'n hele aantal gebeure op kampus. Twee akademici deel hul ervarings van 'n nuwe uitruilprogram waarby die Universiteit sedert verlede jaar betrokke is, terwyl die USBD met hul nuwe uniforms en voertuie spog.

The JS Gericke Library is at the forefront of technology. Recently, the Library held a "funeral" for their card catalogue, because the catalogue is now fully electronic – a process which took 20 years to complete. We also tell you why Stellenbosch University is considered a leader in service-learning, both nationally and internationally.

A few staff members also share their views of the University. Mr Archie September of the Department of Economics has served SU for 41 years and reflects on his time here before he retires at the end of 2012.

This month, our two former Vice-Rectors Prof Arnold van Zyl and Prof Magda Fourie-Malherbe take up new challenges – Van Zyl in Germany and Fourie-Malherbe at SU's Faculty of Education. They give us insight into their years as Vice-Rectors.

Enjoy this issue of *Kampusnuus*. And write to us, or comment on our website, Facebook page or Twitter feed.

*Wayne*

## KAMPUS klets

Does anyone know why the car registration costs are so exorbitant this year? I don't see any improvements to campus roads or parking, so I'm wondering where the money is going to? – *Antoni Schonken*

Parkeringskoste verhoog van R180 per jaar na 'n belaglike R580 per jaar. Nadat ek onwillig vrede gemaak het met die bedrag is daar vanoggend vir my gesê ek mag nie parkeer in die parkering agter Wilgenhof nie (ten spyte van die feit dat daar vele parkerings beskikbaar was). Ek neem aan dit is vir Woordfees-voorbereiding.

My gevoel hieroor is dat watter aktiwiteit ook al die spasie nodig het, net eenvoudig 'n ander plek moet kry. ONS BETAAL R580 OM DAAR TE PARKEER! Terwyl ek daar staan en met die sekuriteit baklei, het ander studente ook ingekom en daarop aangedring om daar te parkeer aangesien ons so 'n groot bedrag geld moes betaal.

Ek is dus seker daar is talle ander wat dieselfde as ek voel, ek hoop net hulle het ook die sin om iets daaroor te sê! – *Carien Coetzee*

My 21st birthday wish is for our Rector to get Twitter! @StellenboschUni Make it happen. – *deidrebaartman*

"Even Smarties can live together even though they are different colours" – posted on Racebook. Amazing.
– *Mark_Galante14*

Prof Botman: "We need to write a common story" Agree. Ons Land Suid-Afrika. – mmandysauls

*Briewe aan* Kampusnuus *is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word.* Kampusnuus *behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).*





# 'n Familie soos min

*Mnr Archie September, 'n administratiewe assistent by die Departement Ekonomie, word op 4 Julie vanjaar 65 en tree einde vanjaar af ná meer as vier dekades in die US se diens. Kampusnuus het 'n dag saam met hom spandeer en uitgevind hy het eintlik nog glad nie lus om die tuig neer te lê nie. Deur SONIKA LAMPRECHT*





**Ek het 42 jaar gelede...** as *mechanic* gewerk oorkant die Lettere-gebou. Op 'n dag het prof Sampie Terblanche sy kar gebring en my gevra of ek dit kan regmaak. Ek het dit in my vrye tyd gedoen en toe hy my vra wat ek hom skuld, het ek gesê: "Niks nie, net 'n werk by die Universiteit". Dit was so middel Januarie 1970. Vir twee weke daarna het ek elke dag na sy kantoor gegaan en hom gevra of hy nog nie vir my werk by die fakulteit kon kry nie. Uiteindelik is ek aangestel om tee te maak.

**Wat ek die meeste sal mis...** is die mense. Almal hier het my nog altyd met liefde en respek behandel, en asseblief en dankie bly nooit agter nie. Ek sal altyd onthou hoe ek in 1978 'n stukkie grond in Cloetesville wou koop, maar nie met my salaris van R128 per maand en vier kinders om te versorg die oordragkoste en hereregte kon betaal nie. Die mense hier het almal uit hul sakke bygedra om my te help en wou niks daarvan weet toe ek hulle wou terugbetaal nie. Ek bly vandag nog in die huis wat ek daar gebou het. Net so het my kollegas in 2007, toe ek 60 geword het, my met 'n ete verras om my verjaardag te vier – hulle is soos my familie. Die dag as ek hier weggaan, gaan ek 'n laken nodig hê om my trane af te vee.

**My werksdag verskil van dag tot dag...** Soms is ek baie besig en ander dae is dit weer stiller. 'n Gewone dag begin om 07:30. Ek maak afdrukke van die studente se notas, gaan bank toe, doen aflewerings en ander admin-werk. Tienuur en 15:00 is teetyd – ek weet al presies wie drink rooibostee, gewone tee of koffie, met of sonder melk en hoeveel suiker. Tussendeur kom klop die studente ook aan my deur vir notas wat afgerol moet word.





**As ek afgetree het...** gaan ek op my stoep sit en die karre tel. Ek het nie eintlik stokperdjies nie – lees maar net Bybel en gaan kerk toe. Gelukkig het ek vyf kinders en nege kleinkinders wat my aan die gang sal hou. Maar as die mense van die departement my nodig het, is ek enige tyd beskikbaar; hulle moet net sê.

*Foto's: ANTON JORDAAN*

# Matie rowers tame Dusi

The 20-year-old Maties rower, Robyn Kime, won the women's division at this year's Unlimited Dusi Canoe Marathon with a time of 9:37.33 and broke two records.

Kime, a two-time winner of the Berg River Canoe Marathon, finished 20 minutes before Abby Abdie, breaking the U21 record with 15 minutes as well as the overall record. This fantastic time was due to the massive lead of 17 minutes she opened up for herself over the first two days.

The Unlimited Dusi Canoe Marathon, held from 17 February, is a three-day long marathon over a distance of 118 km between Pietermaritzburg and Durban.

"I'm really chuffed with the win and especially considering it is the 60th anniversary of the race and the Graeme Pope-Ellis memorial. It is definitely one I'll cherish at the end of my career," she said.

Considering her brother's performance it seems that rowing runs in the Kime family's blood. Lance Kime (U21) finished sixth in the men's division with a time of 8:26.29.

Another Matie, Tamika Haw (U21), ended in the seventh position in the women's race with a time of 11:08.00. Altogether ten SU rowers participated in this gruelling marathon.

Ms Jackie Wiese, Director: Sport at SU, is very impressed with these achievements. "Congratulations to the Maties with their performance in the Dusi Canoe Marathon, especially to Robyn with her victory," she said.




*An overjoyed Robyn Kime shows her medal after winning the women's division of the Unlimited Dusi Canoe Marathon.*
Photo: KYLE GILHAM/GAMEPLAN MEDIA

## US mediabeampte help aanlyngids saamstel




*Mes Marina Joubert en Engela Duvenage*

Twee Maties joernalistiek-alumni het gehelp met die saamstel van 'n nuwe, gratis aanlyngids vir mediabeamptes uit Afrika wie se taak dit is om hul instansies se wetenskap en navorsing te bevorder.

*A Guide for African Science Media Officers* is geskryf deur me Marina Joubert, 'n kundige in wetenskapkommunikasie-opleiding en eienaar van Southern Science in Suid-Afrika, en dr Elspeth Bartlet van Green Ink, 'n wetenskapkommunikasie-maatskappy in die Verenigde Koninkryk. Die gids, wat verlede jaar aanlyn gepubliseer is, is opgestel in samewerking met me Engela Duvenage, mediabeampte van die US se Fakulteit Natuurwetenskappe en 'n gereelde bydraer tot *Kampusnuus*.

Joubert, wat 'n HonsB (Joernalistiek) aan die US en 'n MSc aan die Universiteit van Pretoria voltooi het, en Duvenage, wat oor 'n MPhil (Joernalistiek) met die fokus op wetenskap-joernalistiek beskik, is albei lede van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Wetenskapjoernaliste (SASJA).

Die gids is ontwikkel na aanleiding van hul deelname aan 'n werksessie vir mediabeamptes uit Afrika wat in Junie 2011 by die Wêreldkongres vir Wetenskapjoernaliste in Katar gehou is.

Dit het ten doel om beter en meer verantwoordelike praktyk aan te moedig wat die kommunikasie van wetenskap- en gesondheidsverwante onderwerpe betref en om mediabeamptes te help om navorsing uit Afrika binne die wêreldarena te posisioneer.

## Verhoudinge met UMC Utrecht versterk

Afgevaardigdes van die Universiteit Mediese Sentrum Utrecht (UMC) in Nederland het onlangs die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Gesondheidswetenskappe besoek met die doel om die huidige studente-uitruilprogramooreenkoms te vernuwe, asook uit te brei.

Die afgevaardigdes het verskeie strategiese besprekingsessies met die Fakulteitsbestuur en personeel van deelnemende akademiese afdelings en departemente gehad. Daar is onder meer toekomstige samewerking in onderrig en navorsing, die struktuur en inhoud van die geneeskundige kurrikulum en die kwaliteit van die kliniese klerkskap bespreek.

Die ooreenkoms sluit tans in dat studente van die Fakulteit kliniese klerkskap in pediatrie by UMC doen, asook somerkursusse bywoon wat deur die Skool van Geneeskunde, Utrecht Somerskool aangebied word. Stellenbosch Universiteit akkommodeer weer UMC-studente vir kliniese klerkskap by die afdelings of departemente van Interne Geneeskunde, Verloskunde en Ginekologie, Chirurgie, Psigiatrie, Oogheelkunde, Oor-, Neus- en Keelheelkunde, asook Pediatrie.



## NNS ken ses leerstoele aan US toe

Die Nasionale Navorsingstigting (NNS, oftewel NRF) het nog ses navorsingsleerstoele aan die US toegeken. Dié toekenning maak deel uit van die Navorsingstigting se Suid-Afrikaanse navorsingsleerstoel-inisiatief (SARChI).

Navorsingsleerstoele in Mikobaktomika (genetiese studie van bakterieë wat tuberkulose veroorsaak), Vleiskunde: Genomika tot Nutrinomika (gesamentlik met die Universiteit van Fort Hare), Biomerkers vir Tuberkulose, Wiskundige en Teoretiese Fisiese Biowetenskappe (gesamentlike voorlegging met die African Institute for Mathematical Sciences (AIMS), Geïntegreerde Wynwetenskappe, asook Dieretuberkulose is aan die US toegeken:

Ná die jongste toekenning staan die US se aantal SARChI-leerstoele op 17. 'n Addisionele leerstoel is gesamentlik toegeken aan die Universiteit van Venda en die Sentrum vir Indringerbiologie, 'n inter-institusionele Sentrum van Uitnemendheid wat by die US gehuisves word.

Die NNS het altesaam 406 aansoeke van 22 universiteite ontvang en na 'n streng keuringsproses is 60 navorsingsleerstoele in 2012 aan Suid-Afrikaanse universiteite toegeken.

In haar aankondiging van die jongste toekennings, het die Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor, gesê die SARChI-leerstoelreeks is 'n vlagskip-inisiatief van die regering om uitnemende navorsing en innovasie na die Suid-Afrikaanse wetenskapsisteem te lok en te behou.

## Dr Omar Esau receives prestigious award



At a gala awards dinner at the Lagoon Beach Hotel in Blouberg on 3 February, Dr Omar Esau (left) of SU's Department of Curriculum Studies was honoured with the first ever Tim Noakes Award for Excellence in Scientific Research and Sports Performance.

The Western Cape Minister for Cultural Affairs, Sport and Recreation, Dr Ivan Meyer, presented the award to Esau, who was recognised for his ground-breaking research called "Checkmating HIV/Aids as a Teacher Researcher". In the research project the game of chess was used as an educational tool to raise the awareness of the participants with regard to HIV/Aids.

As the National School's President and as the Director of Chess Development in the Western Cape, Esau has organised numerous workshops, tournaments and development initiatives to stimulate the growth of chess in various communities throughout South Africa.

# SU hosts **top-level** diplomatic visit

In February, Stellenbosch University hosted the biggest top-level diplomatic visit to the University as far as could be determined.

The ambassadors and High Commissioners in South Africa of 11 countries – Argentina, Oman, Qatar, Kenya, Sweden, Austria, Finland, Tanzania, Mexico, the Netherlands and Norway – were given a tour of the new Learning Commons and Carnegie Research Commons in the JS Gericke Library, whereafter they attend a luncheon at Stias.

"It was my first time in Stellenbosch, but it won't be my last. I am very impressed with what you are doing," Mr Héctor Valezzi, ambassador of Mexico, told SU Rector Prof Russel Botman while speaking during question time at the luncheon.

The diplomats also received presentations on international research collaboration, which was flagged as an important contributor to the success of universities in the 21st century's knowledge economy.

Mr Peter Tejler, ambassador of Sweden, said he found the visit "very interesting", and Mr Andre Haspels, ambassador of the Netherlands, described the event as a "wonderful occasion". Mr Khalid Ba'Omar, ambassador of Oman, undertook to encourage greater research collaboration with SU.

Since the visit, several of the ambassadors had follow-up meetings on campus. The ambassador of Qatar visited the campus twice, meeting with Prof Eugene Cloete of the SU Water Institute, Ms Siphokazi Ndudane of SIGLA, as well as with Prof Hennie Kotze about the African Doctoral Academy, and Botman.

On 8 March, the ambassador of Finland visits the Kleinmond housing project where Cloete and his team will monitor the water in the tanks next to each house.

Ms Bev Witten, Director: Alumni Relations, also met with the ambassador of Argentina, while Ndudane had a follow-up visit from the Norwegian ambassador.



*Mr Héctor Valezzi, Ambassador of Mexico, Dr Otto Ditz, Ambassador of Austria, Dr Bashir Al-Shirawi, Ambassador of Qatar, Mr Khalid Ba'Omar, Ambassador of Oman, Mr Peter Tejler, Ambassador of Sweden, Mrs Kari Bjørnsgaard, Ambassador of Norway, Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University, Ms Radhia Msuya, High Commissioner of Tanzania, Mr Tom Amolo, High Commissioner of Kenya, Ms Tiina Myllyntausta, Ambassador of Finland, Mr Carlos Sersale di Cerisano, Ambassador of Argentina, and Mr Andre Haspels, Ambassador of the Netherlands.*
Photo: BERNARD BRAVENBOER

# Hupstoot vir Afrikaans as wetenskaptaal

'n Handleiding wat saam met rekenaarprogrammatuur gebruik word, *Dinklees met 'n plan: 'n Kursus in gevorderde taalvaardighede*, is in Februarie deur die Universiteit se Taalsentrum bekendgestel. Dit sal studente, maar ook ander gebruikers van Afrikaans, help om met groter begrip te lees.

Die handleiding en rekenaar-programmatuur moet in kombinasie gebruik word. Die handleiding bestaan uit tekste, hulpnotas, 75 oefeninge en 16 voor- en ná-toetse wat in agt modules op twee vaardigheidsvlakke georganiseer word.

"Die ontwerp en programmering het vyf jaar se intensiewe werk gekos en is gebaseer op onder meer navorsingsresultate van 'n loodsprojek wat in 2006 met eerstejaarstudente in die US se Fakulteit Ingenieurswese uitgevoer is," het die kursusontwerper, me Collena Blanckenberg, verduidelik.

Dr Tobie van Dyk, Hoof van die Eenheid vir Afrikaans en Engels by die Taalsentrum, het by die bekendstelling gesê die akademiese voorbereidheid van studente internasionaal is kommerwekkend.

In Suid-Afrika verlaat 35% die stelsel in die eerstejaar en slegs 35% gradueer op die ou einde. By die US is die retensiekoers die afgelope vier jaar 86,4%, maar die Universiteit kan hierop verbeter, meen Van Dyk.

"Die program fokus op 'n spektrum van hoërorde-taaldenkvaardighede wat aan die hand van leestegnieke soos oorhoofs lees, analities lees (vir kritiese onderskeidingsvermoë), vluglees en soeklees, ontwikkel word," sê Van Dyk.

Hierby het prof Leon de Stadler, Direkteur van die Taalsentrum, gevoeg dat die sentrum begin het om die probleem pro-aktief die hoof te bied. "Die US-Bestuur maak erns met Afrikaans as wetenskaptaal. Daarom is die leesprogram in Afrikaans ontwerp eerstens vir Stellenbosse Afrikaanse studente en studente wat hul Afrikaanse leesvaardighede wil verbeter."

- Skakel me Collena Blanckenberg by 021 887 8327 vir meer inligting oor die program.



*Prof Magda Fourie-Malherbe, Viserektor: Onderrig; dr Tobie van Dyk, Hoof van die Eenheid vir Afrikaans en Engels; mnr John Blanckenberg, Programmeerder; me Collena Blanckenberg, kursusontwerper; en prof Russel Botman, US Rektor.*

## PhD-gegradueerde lewer baanbrekerswerk in sielkunde



Die doktorale proefskrif van 'n PhD-gegradueerde in die Universiteit se Departement Sielkunde is onlangs as een van tien aangewys wat in 2011 eervolle vermelding van die Internasionale Instituut vir Kwalitatiewe Metodologie (IIQM) ontvang het.

Menige akademikus van oor die hele wêreld stuur jaarliks proefskrifte na die Instituut, wat vanaf die Universiteit van Alberta in Kanada werk, om in die IIQM-proefskrifprys mee te ding.

Volgens dr Rose Richards, wat aan die US se Taalsentrum verbonde is, het haar navorsing oor die belewing van chroniese siekte gehandel. Sy het haar eie "ervaring van chroniese niersiekte, dialise, oorplanting en die lewe ná oorplanting gebruik om te verken wat dit beteken om die storie van chroniese-siektebelewing te vertel".

Sy het die navorsingswerk vir haar proefskrif met behulp van die metodologie van outo-etnografie onderneem.


## Waarnemende viserektore aangestel


Prof Wynand van der Merwe (onder, links) en prof Doug Rawlings (onder, regs) is onderskeidelik as waarnemende Viserektor: Onderrig en waarnemende Viserektor: Navorsing van die Universiteit aangestel.

Van der Merwe is die vorige Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, en Rawlings 'n vorige waarnemende Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe en 'n A-gegradeerde navorser.

Prof Russel Botman, US Rektor, het gesê: "Albei beskik oor uitgebreide ervaring op verskeie terreine van die akademie, en hul insigte en bewese leierskapsvermoë sal vir ons van onskatbare waarde wees in die verdere ontwikkeling van die prosesse wat nou voorlê.

"Ons wil uiteraard die aanstel van die nuwe viserektore so gou doenlik afhandel."







## Winelands Conference to address challenges in the public service

Stellenbosch University's School of Public Leadership (SPL) has over the years gained a reputation for the excellent post-graduate training it offers in public management and development.

One of the highlights of the SPL programme is the highly acclaimed Winelands Conference held every second year. This conference has become a landmark in the South African public and development management fields


"The challenges in the South African Public Sector are myriad. But mostly it is about a lack of good governance and integrity in public service," says Prof Kobus Muller, director of the SPL. "If these issues are not solved, the excellent thoughts and intentions that underlie policy frameworks cannot be implemented successfully. These challenges will be addressed at the 13th Winelands Conference 2012, which will be held in Stellenbosch from 2 to 4 April."

Academics and practitioners from both the public and development sectors will attend the conference.

"The Winelands Conference started attracting huge interest from abroad in the mid 1990s. Today it is a truly international conference. As far as I am aware, it is the only international conference dealing with issues of public leadership in Africa," says Muller.

The SPL's conference partners for 2012 are the Anti-corruption Education and Research Centre (ACCERUS) and the Zijlstra Centre for Public Control and Governance. The theme is *Integrity and governance: What is wrong? What is good? What is next?* The three conference focus points are: *What's wrong? Corruption in Governance; What's good? Good Governance in the public and non-profit sector,* and *What's next? Innovations in governance and research.*

## Geoloog geloof as "uitsonderlike beoordelaar"



Prof Gary Stevens (links), 'n aardwetenskaplike, is benoem as een van 'n handjievol "uitsonderlike beoordelaars" van 2011 deur *Geology*, wat as die wêreld se voorste geologie-wetenskapvaktydskrif beskou word.

Hy is die eerste lid van die US se Departement Aardwetenskap om op hierdie gebied erkenning te kry.


Stevens is die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel Inisiatief-professor in eksperimentele petrologie in die Departement Aardwetenskap, asook direkteur van die Sentrale Analitiese Fasiliteit van die US.

Hy is die enigste wetenskaplike in Afrika wat die lys – wat ook navorsers van instellings soos Rutgers Universiteit, die Universiteite van Oslo, Puerto Rico en Windsor ingesluit het – gehaal het.

Die lys van die topbeoordelaars van 2011 is in die Januarie-uitgawe van *GSA Today*, die wetenskap- en nuustydskrif van die Geologie-vereniging van Amerika (GSA), gepubliseer en verskyn op die webwerf www.grad.usf.edu/inc/linked-files/gsa_harries.pdf.

Volgens die GSA is "portuurbeoordeling van wetenskaplike artikels die hoeksteen van wetenskappublikasies, maar die beoordeling van artikels is dikwels 'n ondankbare taak". Die wetenskapsmedewerkers van die GSA se vaktydskrif wys jaarliks mense aan wat dan as uitsonderlike beoordelaars in hierdie lys opgeneem word. Hierdeur kry hulle erkenning op grond van die manier waarop hulle beoordelings tydig, deeglik, objektief, noukeurig, diplomaties en met insig afhandel.

## DNA data made easier thanks to new equipment



*Central Analytical Facility (CAF) analyst Dr Ruhan Slabbert puts the new additions to the DNA Sequencing Laboratory through its paces.*
*Photo: ENGELA DUVENAGE*

The ability of Stellenbosch University to lead genome and gene related research in Africa has been enhanced thanks to the acquisition of Next Generation Sequencing technology.

An Ion Torrent™ , SOLiD4 Analyzer and a 5500xl SOLiD Sequencer are the pride and joy of the DNA Sequencing Unit of the University's Central Analytical Facility (CAF). The new equipment was funded jointly by the National Research Foundation and the University.

The latest acquisitions are used in conjunction with other sequencing equipment in the DNA Lab to determine the genetic information (DNA and RNA) of living organisms, such as bacteria, plants, animals or humans.

"With the new equipment, we can do much more fine-scaled gene and genome sequencing within a shorter time frame," says CAF analyst Dr Ruhan Slabbert.

A consultancy service, which provides help with the analysis and processing of the results, is part of the Lab's service on offer to clients from all over South Africa.

According to Mr Carel van Heerden, manager of the DNA Sequencing Unit, a number of leading papers in *Nature and Science* has resulted worldwide thanks to the growing use of Next-Generation Sequencing technology by evolutionary and population geneticists, zoologists, biochemists, microbiologists, and medical researchers, just to name a few.

# Exchanging **knowledge**

*Last year saw the first group of staff and students of Stellenbosch University taking part in the Erasmus Mundus Action 2 exchange programmes.*



*Huba Boshoff, coordinator of the Erasmus Mundus programme, An Huts (far left) and the ema2sa team from Leuven with students from SU during a site visit in November.*

Dr Niël van Wyk, post-doctoral fellow in the Faculty of Science, and Dr Nicola de Jager, lecturer in the Department of Political Science, share their experiences of the Erasmus Mundus Action 2 programme:

**Niël van Wyk**

Begin Februarie het ek danksy die Eurosa II-beursgeleentheid in Swede aangekom en aangesluit by 'n navorsingsgroep van prof Jure Piškur van die Universiteit van Lund. Lund is 'n pragtige klein stad met 'n geskiedenis wat selfs by die wikings gaan draai. Tog het baie tegnologie-gedrewe maatskappye ook belange in dié ou stad.

Die mees ooglopende verskil tussen Suid-Afrika en Swede (veral nou) is natuurlik die weerstoestande. Daar is sneeu en ys net waar jy kyk. Nog 'n verskil is die pryse: 'n "gewone" brood kos omtrent R30.

Sowat 20 mense (net drie van Swede) was lid van die navorsingsgroep, wat spesialiseer in onder meer die genetika van nie-konvensionele giste. Om te sien hoe ander mense navorsing benader, bied waardevolle insig in hoe 'n mens in die toekoms meer insiggewende besluite kan neem. Ek is bevoorreg om hierdie waardevolle geleentheid te kry, veral omdat dit die eerste keer is dat die uitruilbeurse aan US-studente toegeken word.

**Nicola de Jager**

I have just returned from a two-month teaching and research exchange opportunity in Germany after receiving a staff scholarship for the programme. I taught a Masters module on Comparative Southern African Politics and Democratisation as part of the Masters in International Studies and Development programme at the Institute of Political Sciences at the University of Duisburg-Essen, Germany.

What impressed me about Duisburg-Essen's post-graduate students was their willingness to be "adventurous" with their research projects. By using various theories and alternative approaches, their analysis of the Southern African case studies was fresh and interesting. They did not just regurgitate the module content, but went beyond it in their analysis. For them, I think it was beneficial to receive input on Southern Africa from someone who comes from the continent, who could share first-hand experiences. Altogether, this was a fantastic opportunity!

In 2011, Stellenbosch University (SU) was part of three Erasmus Mundus Action 2 programmes, with more than 30 postgraduate students and staff receiving scholarships to study and do research at various European universities. The Erasmus Mundus Action 2 programme, or EMA2, forms part of the Erasmus Mundus and External Cooperation Division of the European Commission.

"SU is proud to be associated with the Erasmus Mundus Action 2 (EMA2) scholarship programme and will be part of two programmes awarded by the Commission for 2012," says Huba Boshoff, Co-ordinator: Exhange at SU's Postgraduate and International Office.

These two programmes – namely ema2sa II, co-ordinated by the University of Leuven in Belgium, and Eurosa II, co-ordinated by the University of Antwerpen (also in Belgium) – provides postgraduate students and staff the opportunity to take part in coursework, research, teaching and training at a number of European Universities.

Each of the two consortia consists of a range of established European institutions as well as a number of South African higher education institutions.

> *"SU is proud to be associated with the Erasmus Mundus Action 2 scholarship programme and will be part of two programmes awarded by the Commission for 2012."*

All South African students and staff enrolled at one of the South African higher education institutions forms part of Target group 1, for which a higher number of scholarships are available.

Applications for both programmes are available online and can be obtained from the websites of the programmes. The deadline for applications is 12 March 2012 for Eurosa II, and 16 March 2012 for ema2sa II. More information on the availability of programmes and research positions is also available on the websites.

All enquiries can be directed to Huba Boshoff at erasmusmundus@sun.ac.za.





# 'n Nuwe voorkoms vir 'n **veiliger kampus**

*Patrolliebeamptes in helderkleurige oorbaadjies en meer sigbare voertuie sal voortaan misdaad op die universiteitskampus help hokslaan. Begin vandeesmaand het die US Beskermingsdienste (USBD) sy nuwe voorkoms aan die kampus bekendgestel. ALEC BASSON berig.*

Misdadigers wat die Universiteit Stellenbosch teiken, sal moet ligloop, want Fasiliteitsbestuur se Risiko- en Beskermingsdienste is gerat om hulle vinniger vas te vat. Beamptes in heldergroen oorbaadjies, splinternuwe en opvallend sigbare motorvoertuie en motorfietse sal voortaan help om boewe in hul spore te stuit.

"Die nuwe voorkoms sal patrolliebeamptes se sigbaarheid, reaksievermoë en mobiliteit aansienlik verbeter. Die ou voorkoms was juis nie sigbaar genoeg nie," sê mnr Chris Munnik, Hoofdirekteur van die US se Fasiliteitsbestuur.

"Hoewel die vorige reaksievoertuig ook helder gemerk was met glimstroke, het dit tog ietwat in die verkeer verdwyn en nie juis misdadigers afgeskrik nie, maar nou sal beamptes in die nuwe heldergroen voertuie – met die woord 'kampussekuriteit' aan weerskante – behoorlik hul teenwoordigheid op kampus wys," verduidelik Munnik.

"Beamptes kry naamplaatjies en rangkentekens wat hul rang aandui en pette waarop ook die woord 'kampussekuriteit' staan. Bo-oor hul hemde dra hulle oorbaadjies met reflekterende stroke vir groter sigbaarheid bedags en snags."

Waar beamptes vroeër sowat 'n halfuur geneem het om 'n bepaalde roete te voet te patrolleer, kan hulle nou daardie roete in vyf minute patrolleer op hul heldergroen veldmotorfietse. So sal hulle voortaan in staat wees om die kampus en die Groen Roete 24 uur per dag per motorfiets te patrolleer, aanvullend tot die huidige voetpatrollies snags.

> *"Die nuwe voorkoms sal patrolliebeamptes se sigbaarheid, reaksievermoë en mobiliteit aansienlik verbeter."*

Aangesien hulle met dié motorfietse oor alle terreine moet ry om misdadigers vinniger vas te trek, leer beamptes tans spesiale rytegnieke aan, het Munnik gesê.

Hy het genoem dat die trapfietse wat tans gebruik word, behou gaan word om groter roetes te dek as wat per voet moontlik is, maar hulle sal ook in die nuwe opvallende groen gekleur wees.

Hoewel die USBD se nuwe voorkoms sal help om misdadigers af te skrik, wys Munnik daarop dat personeel en studente steeds primêr vir hul eie veiligheid verantwoordelik is, en dat die nuwe kampussekuriteit 'n platvorm en omgewing skep waarbinne ons onsself moet beveilig.

- Die aantal voertuie en motorfietse word om veiligheidsredes nie bekend gemaak nie.







# Biblioteek van die **toekoms**

*Vir die Universiteit Stellenbosch se Biblioteek- en Inligtingsdiens lui 2012 'n nuwe era in – een waarin die Biblioteek nou volledig elektronies is. LUCIA SCHOOMBEE en REGGIE RAJU vertel meer.*

Twintig jaar nadat die JS Gericke Biblioteek 'n elektroniese katalogusstelsel geïmplementeer het, is ál die items in die biblioteek nou uiteindelik na die elektroniese stelsel oorgedra en het die einde van 'n era aangebreek. Einde verlede jaar is vaarwel geroep aan die kaartkatalogus.

Om dié stelsel se ryk geskiedenis, erfenis en die nostalgie te vier, het 'n groepie bibliotekarisse besluit om gepas daarvan afskeid te neem. En so is die kaartkatalogus-begrafnisreëlingskomitee op die been gebring en 'n seremoniële "begrafnis" gereël. Dié "begrafnis" had twee doele: om die kaartkatalogus te herdenk en om dankie te sê aan almal wat bygedra het om die "ou" kataloguskaartjies in digitale formaat te omskep. Min universiteitsbiblioteke het die geld of – nog meer – tot nog toe die moed gehad om so 'n projek aan te pak.

Tydens die seremonie – waarin die leë kaartkataloguskas deur draers na die personeelkamer gedra is, met 'n "predikant",



*Die "predikant" en "begrafnisondernemer" lei die "begrafnis" van die JS Gericke Biblioteek se kaartkatalogus.*

"begrafnisondernemer" en tientalle bibliotekarisse in swart geklee – het me Ellen Tise, Senior Direkteur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, hulde gebring aan geslagte bibliotekarisse wat die kaartkatalogus geskep het. Hulle is die eertydse katalogiseerders wat boeke op standaardvelle beskryf en die tiksters wat die kaartjies op wasvelle getik het, asook fakulteits-bibliotekarisse wat voorraad uitgedun het sodat slegs relevante voorraad na die rekenaarstelsel oorgedra word. Dan was daar die talle bibliotekarisse wat inligting vanaf kataloguskaartjies op die rekenaarstelsel ingevoer het en sodoende verseker het dat ouer biblioteekvoorraad vir 'n nuwe rekenaar-generasie toeganklik is.

Nuwe tegnologie het oor die jare verseker dat biblioteke nie agterweë gelaat word nie, maar eerder die relevante tegnologie inspan om beter diens te lewer en gebruikersvriendeliker te wees. Meeste van ons pas aan by dié veranderinge, maar vir sommige is hierdie veranderinge nog nie genoeg nie. Hulle wil biblioteke uitdaag om meer fundamenteel te verander, omdat dit essensieel is om ons instelling relevant en suksesvol te maak in die toekoms – 'n toekoms vir 'n generasie wat tegnologie as vanselfsprekend aanvaar.

Innovasie, verandering en ontwikkeling is ewig aan 't gebeur, soveel so dat ons splinternuwe stelsel dalk eendag net so oudmodies soos die kaartkatalogus sal wees.

Die JS Gericke Biblioteek betree gewis nou 'n nuwe era, maar een wat steeds op die deurgronde biblioteekbeginsels van ouds gebou is.

*Onder: Die ou kaartkatalogus wat nou plek maak vir 'n volledig elektroniese katalogus.*



## Kaartkatalogus se oorsprong

Die kaartkatalogus het sedert sy begin, in die tyd van die Franse Rewolusie, gegroei van 'n blote liasseerkabinet tot 'n internasionale ikoon wat biblioteke en selfs intellektuele erfenis simboliseer. Dit het alles in 1789 in Parys begin toe boeke en manuskripte deur die Franse owerheid gekonfiskeer en na depots geneem is. Weens 'n tekort aan skryfbehoeftes in dié tyd is amptenare genoop om die boeke se besonderhede op speelkaarte aan te teken. Op die kaarte is die outeur se van onderstreep om die liasseerorde aan te dui. As daar nie 'n outeur was nie, is 'n sleutelwoord in die titel onderstreep. Die aantal volumes, grootte, illustrasies, materiaal, formaat, tipe bindwerk en selfs of daar verlore bladsye was, is op die kaarte aangeteken.

Die doel van die deeglike rekordhouding was om te kon kapitaliseer op items van groot finansiële waarde. Verkope van sulke items het beduidende toevoegings tot die staatskas gemaak. Nadat die kaarte ingevul en op grond van die onderstreepte woorde gerangskik is, is dit in orde gehou deur garingdraad wat deur die onderste linkerkantste hoekie van die kaarte geryg is.

# LEARNING THROUGH serving



*Pictured here (from left to right) are Dr Jerome Slamat, Ms Adele de Villiers, Mr Willem Conradie (Bible Institute), Ms Hanlie Dippenaar (University of Pretoria), Prof Julian Smith, Ms Sue Statham, Ms Diane Parris, and Dr Antoinette Smith-Tolken.*

*Stellenbosch University has become a national and international leader in service-learning. In 2011, the Office for Service-Learning had several highlights.*

The Office for Service-Learning (OSL) was established to promote and support service-learning as a model to integrated community interaction at SU. Over the years, both service-learning and community engagement have gained substantial ground as core functions of higher education institutions in South Africa. This means that universities are now interacting more with the rest of society through teaching, learning and research compared to earlier service-driven involvement.

Initiatives taken by the Stellenbosch University's OSL in the Division for Community Interaction (DCI) include a unique training programme for faculty members, the hosting of national and international conferences in service-learning and contributing to publications in the field.

At SU, service-learning has become an established concept in teaching and learning, mostly as a result of the capacity-building programmes offered since 2005 to academic staff to restructure modules into service-learning modules. In 2009, this programme was transformed into a credit-bearing programme on Master's level. Participants receive a certificate of competence after successful completion of the programme.

Together with the capacity building programmes, the Short Programme Service-Learning and Community Engagement (SPSLCE) ensured that a total 41 faculty members benefitted from these programmes to date. Six of the SPSLCE participants were from other universities and colleges. The programme was also offered at the School of Dentistry of the University of Limpopo (Medunsa campus), and will be offered at the Mangosuthu University of Technology in 2012.

The OSL offers support services to faculty members interested in practicing service-learning beyond the training programmes. These services range from a once-off consultation, short crash courses, short seminars and research mentoring. In addition, staff of the DCI contributes to accredited publications to further the field of service-learning and community engagement.

In April 2011, the DCI hosted a service-learning colloquium, with the theme "Service-Learning: Innovations for the Next Decade", attended by 22 of the 23 public universities in South Africa.

Outstanding presentations were peer-reviewed and conference proceedings were authored by Dr Antoinette Smith-Tolken and Ms Joanne Williams. A SL book with the same title is planned in the near future. An outcome of each conference has been a SL book.

Smith-Tolken and Dr Phylis Lan Lin of the University of Indianapolis co-founded the International Symposium in Service-Learning (ISSL), which has been hosted on four continents at the respective universities in Stellenbosch (2005), Indianapolis in the USA (2007), Athens in Greece (2009), and in Ningbo, China (2011).

The next one will again be hosted by SU in 2013.

# Propvol Woordfees bring sterre na Eikestad



*Albert Pretorius is te sien in Thom Pain.*

Die US Woordfees vermaak dié maand algar met 'n propvol program van toneelstukke en musiek tot skrywersgesprekke en visuele kuns. Die fees loop op Sondag 11 Maart ten einde.

Die tema is groen en immergroen woorde is altyd hoofsaak op die fees. Riaan Cruywagen en Sandra Prinsloo word vereer vir hul bydraes tot die Afrikaanse kultuurwêreld. Op die skrywersfees is gewilde Afrikaanse woordmense soos André P. Brink, Antjie Krog, Joan Hambidge, Kirby van der Merwe, Ronelda Kamfer, EKM Dido, Petra Müller, Rachelle Greeff en Deborah Steinmair.

Die dramaprogram is vanjaar meer omvangryk. Nege stukke het hul première op die fees, waarvan ses nuutgeskrewe tekste is. Greeff se tweede stuk, *Buitepos*, beloof om een van die hoogtepunte te wees. Albert Pretorius lewer 'n kragtoer in *Thom Pain* onder regie van die bekroonde Tara Notcutt. Albert Maritz se bekroonde aanbieding van *Mooi Maria* is ook by Spier te sien.

Vanjaar is die skilder Paul Emsley die feeskunstenaar. Die kurator Amanda Botha bied 'n oorsigtentoonstelling in die Sasol Kunsmuseum van sy werk.

Van musiekmakers loop die fees ook oor. Hulle sluit in Romanz en die Gugulethu Tenore, Kurt Darren en Koos Kombuis, Vusi Mahlasela en Lize Beekman, en Karen Zoid en Zolani Mahola. Groentjies op die musiekprogram is Amazink Live se puik Barnyard-produksie.





*Hierdie maand vertel Kampusnuus jou van interessante leesstof, 'n lekker plekkie om middagete te nuttig, en 'n ietsie vir liefhebbers van koormusiek. Prof Mark Swilling en sy vrou, Eva Annecke, se boek het onlangs die lig gesien, Hayashi in Andringastraat bied jou sakpas-soesji en die Stellenbosse Universiteitskoor se nuwe CD bied luistergenot.*

## Etenstyd

'n Mens moet nooit enigiets of enigiemand op die baadjie takseer nie, waarsku die spreekwoord. Dit is presies wat 'n mens soms met restaurante doen – of soms móét doen.

In Andringastraat onder die studente-uithangplek Springbok skuil agter donkergetinte glas die Chinese restaurant Hayashi. As jy na die gebou kyk, sien jy nie met die eerste oogopslag die restaurant raak nie. Dit lyk soos 'n weggesteekte kafeetjie. Maar as dit middagetenstyd is, sien jy dikwels soesji-verslaafdes aan die tafels buite die restaurant.

Middagete by Hayashi blyk gewild te wees, want dis juis wanneer dié restaurant 'n winskopie op hul soesji aanbied – 40%-afslag.

Hayashi bied regtig lekker soesji teen 'n sakpas-prys aan, en daar is genoeg soorte soesji om van te kies. Vir die soesji-malles sou die keuse dalk 'n bietjie eng lyk, maar vir 'n middagete is daar oorgenoeg interessante kombinasies om van te kies.

Hul soesji-borde is nie so goed saamgestel nie, maar jy kan altyd jou eie een saamstel.



ADRES: Andringastraat
TEL: 021 883 8917

## Read

Sustainability has become the catchphrase of our time, due to the threat of global warming and the earth's dwindling supply of natural resources. Momentum is building for cleaner energy and more recycling.

But the debate is taken further by Stellenbosch academics Mark Swilling and Eve Annecke in a new book, *Just Transitions: Explorations of sustainability in an unfair world* (UCT Press, R385). For them, a greener world that continues to lack social justice would not be enough – hence the qualifier "just".

Informed by what they see around them in "the most unequal society in the world", the authors argue that the required change is not just about the natural environment. They point out that the growing inequality between the billion people on earth who do not have enough, and the billion who consume too much must also be addressed.

They advance moral reasons for this, but also a practical one – inequality is ultimately unsustainable. So, besides "sustainability" they advocate "sufficiency" – a situation in which "over-consumers are satisfied with less so that under-consumers can secure enough".

Swilling is professor at Stellenbosch University's School of Public Leadership and project leader of the TsamaHub, which forms part of the HOPE Project and serves as a focal point for transdisciplinary postgraduate studies in sustainability. Annecke is the founding director of the Sustainability Institute. Together, they "walk the talk" at their home, the Lynedoch EcoVillage, outside Stellenbosch. Their experiences in building a more just and sustainable community make for fascinating reading.

– *DESMOND THOMPSON*




## Luister

Die Stellenbosch Universiteitskoor se nuwe CD het pas die lig gesien. Die album spog met elf interessante komposisies in verskeie musiekstyle.

Die musiek op die program kom van Letland, Italië, die Tsjeggiese Republiek, die Filippyne, Noorweë, Finland én Amerika. Daarby sing die koor ook twee stukke wat die koorleier, André van der Merwe, self verwerk het.

Die US-koor is die oudste universiteitskoor in die land en het verlede jaar sy 75ste bestaansjaar gevier met 'n reünie wat oor 'n naweek in September gehou is. 'n Konsert waarin ook oudlede saamgesing het, is in die Endlersaal gehou.




Die koor se nuwe CD bevat meestal gewyde musiek deur 20ste-eeuse komponiste, maar ook 'n werk deur Giovanni Gabrieli (1555–1612). Van der Merwe het die bekende gesang "Nader my God by u" vir die koor verwerk, asook die popgroep Queen se liedjie "Seaside Rendezvous".

Die opnames is in konsert gemaak, waarvan die meeste in die Endlersaal en ander in die Musaion in Pretoria. "Die koor se vorige CD's onder my leiding is almal in die ateljee opgeneem," sê Van der Merwe.

"Met hierdie CD kry die luisteraar dus 'n meer organiese indruk van die koor – presies hoe die koor in konsert klink sonder enige redigering. Die energie en atmosfeer tydens 'n konsert kan nie altyd in 'n ateljee-opname vasgevang word nie. Tydens 'n konsert is daar 'n simbiotiese proses tussen die koor en gehoor, en ek glo hierdie opnames reflekteer daardie spesiale verhouding. Die luisteraar kry 'n meer intense en eerliker weergawe van die koor se vertolkings.

"Die spesifieke snitte weerspieël ook 'n verskeidenheid van musiekstyle en sodoende word veelsydige vertolkings- en tegniese aspekte van die koor ten toon gestel," vertel Van der Merwe.

Die Universiteitskoor se nuwe CD is teen R50 beskikbaar by die Konservatorium (kamer A123) in Neethlingstraat. Kontak Lydia Meier by us_koor@sun.ac.za of skakel 082 468 0652 met navrae.

# Stress less

*Life is stressful but stress is normal. What matters is that you recognise when you are under so much stress that it may be harmful to you. Take time out and tackle stress.*


Too much work to handle in too little time? Add to that family and financial problems, or just getting through a packed diary. What happens when all these are jammed into one day? How will you cope with it all at the same time? Yes, we all know that sometimes we have too much on our plate, and that is when our stress levels rise.

These days, maintaining a healthy work-life balance in our busy lives is quite difficult. The result is stress, which affects our health in general and could damage our relationships both at home and at the office.

Maureen Kennedy, Head of Wellness at the University's Human Resources, says tackling stress right from the start could make your life a breeze.

### *Here is a 10-step plan to lower those stress levels permanently:*

- **Make the connection.** When you are feeling under the weather ask yourself whether this could be a response to too much pressure.
- **Take regular breaks.** Give yourself a brief break whenever you feel things are getting on top of you. Have a soft drink or a glass of water, or take a stroll.
- **Learn to relax.** Follow a simple routine to relax your muscles and to slow down your breathing.
- **Be better organised.** Make a list of jobs you need to do, tackle one task at a time, and alternate dull tasks with interesting ones.
- **Sort out your worries.** Divide your worries into those that you can do something about (either now or soon) and those that you cannot do anything about. There is no point in worrying about things you cannot change.
- **Change what you can.** Look at the problems that can be resolved and get whatever help is necessary to sort them out. Learn to say "No".
- **Look at your long-term priorities.** Step back and examine what it is about your life that is giving you too much stress. What can you off-load or change? How can you introduce a better balance between work, social life and home life? Is it time to reassess your priorities?
- **Improve your lifestyle.** Find time to eat properly, get plenty of exercise and enough sleep. Avoid drinking and smoking excessively.
- **Confide in someone.** Don't keep your emotions bottled up.
- **Focus on the positive.** Don't focus on the negative aspects in your life, rather on those that you feel good about.




## MIV-toetsveldtog

Die Kantoor vir Institusionele MIV Koördinering is sedert 27 Februarie besig met hul jaarlikse vrywillige MIV/vigs-toetsveldtog.

Die Universiteit het 'n omvattende MIV-beleid wat riglyne bied vir die bestuur van MIV in die akademiese en werksomgewing. Die werk van die Institusionele MIV-Kantoor is juis om te sien dat die beleid en strategie oor vigsvoorkoming geïmplementeer word. Hierbenewens bied die kantoor ook 'n verskeidenheid kortkursusse aan om werknemers en studente toe te rus met die nodige kennis om nuwe MIV-infeksies te help voorkom.

Jy kan jou nou laat toets. Die jaarlikse vrywillige toetsveldtog duur nog tot Vrydag 9 Maart en word in die Neelsie aangebied. Kontak die MIV-Kantoor vir enige navrae, ondersteuning en inligting by 021 808 3136 of stuur e-pos na mdt2@sun.ac.za.





# Nuwe horisonne

*Prof Arnold van Zyl, voormalige Viserektor: Navorsing, word eersdaags rektor van die Chemnitz- Tegniese Universiteit in Duitsland, terwyl prof Magda Fourie-Malherbe, voormalige Viserektor: Onderrig, tot die akademie terugkeer as professor in die US se Fakulteit Opvoedkunde. ILSE ARENDSE het hulle uitgevra oor die nuwe rigtings wat hulle inslaan.*



Foto: HENNIE RUDMAN

**Waarna sien julle uit in jul nuwe poste?**

*Magda Fourie-Malherbe:* Ná meer as tien jaar in 'n bestuursposisie, sien ek uit na die geleentheid om weer op die akademie te fokus. Met die US as primêre laboratorium, is daar oorgenoeg geleenthede om oor 'n verskeidenheid aspekte navorsing te doen. Ek hoop om saam met ander kollegas 'n omvattende navorsingsprogram te ontwikkel oor die faktore wat 'n rol speel in studentesukses. Verder sal ek graag my betrokkenheid by die programme van die Sentrum vir Hoër- en Volwasse Onderwys wil vergroot.

*Arnold van Zyl:* First of all, I'm looking forward to having two summers in a row. As you know, spring will be starting in Europe in April. Furthermore, I face the challenge of appointing three vice-rectors and consolidating the new management team.

**As julle terugkyk op jul tyd as viserektore, is daar dinge of mense wat 'n blywende indruk gemaak het en hoekom? Wat sal julle mis van hierdie tyd as viserektore?**

*MF-M:* Dit is veral die verskillende studenteleiers met wie ek noue kontak gehad het in my termyn as Viserektor: Onderrig wat 'n blywende indruk op my gemaak het. Die verantwoordelikheid, toewyding, inisiatief en passie wat hulle aan die dag gelê het, het my verwonderd en dankbaar gelaat – en gee my hoop vir die toekoms. Ek sal juis hierdie gereelde kontak met voorgraadse studente mis, aangesien ek voortaan hoofsaaklik met nagraadse studente sal werk. Natuurlik sal ek ook die adrenalien en verskeidenheid aspekte wat met 'n bestuurspos saamgaan, mis!

*AvZ:* I was impressed by the family of academics, scholars and students I have encountered here. Those people who have exhibited a passion for science and have internalised the importance of using knowledge to understand and change the world. I was also impressed by the diverse management environment which enriched me enormously over the past four years. I will miss SU for those colleagues that are continually fetching the future into the present by excellent and relevant academic endeavours and creatively informing the new reality by a diversity of people and ideas.

**Nou dat jul loopbane 'n ander rigting inslaan, is daar enige wyshede wat julle met die universiteitsgemeenskap wil deel?**

*MF-M:* Wat die US 'n uitsonderlike universiteit maak, is die lojaliteit en toewyding tot die instelling van al die verskillende belanghebbendes – akademici, steundienspersoneel, studente, bestuur en alumni. As al hierdie belangegroepe mekaar se unieke rolle eerbiedig en ook mekaar se spesifieke bydraes respekteer en waardeer, kan ons op 'n selfs hoër vlak uitnemend en beduidend wees.

*AvZ:* My parting message to the community at this university is to always hold the academic project at the centre of your focus and critically evaluate all initiatives in terms of how they contribute to excellence in teaching, research and community engagement.

## ADVERTENSIES

### ACCOMMODATION WANTED / VERBLYF GESOEK

*Verblyf benodig:* 'n Postdoktorale navorsingsgenoot (Fakulteit Teologie) en sy gesin benodig huisvesting van Januarie 2012 af – 'n dorpshuis of twee-slaapkamer-woonstel sal geskik wees (R5 000 pm maks). Tydperk is onderhandelbaar. Hy is ook bereid om "house-sitting" te doen. Kontak Estelle Muller by tel 021 808 3626 of e-pos em4@sun.ac.za.

*Looking for accommodation in Stellenbosch:* Visiting Professor (and wife) to visit from September 2012. Six months lease with possible six months extension. Phone Chantal at 076 044 5677.

*Accommodation needed:* A Norwegian research fellow who will be working in the Discipline Group Old and New Testament in the Faculty of Theology from 1 July 2012 till 30 June 2013 is looking for a furnished home to rent for her and her family (three children) for the full period. A home near Rhenish Primary School with a swimming pool and no pets (due to allergic children) would be preferable. Please contact Estelle Muller (em4@sun.ac.za).

### VERBLYF / ACCOMMODATION

*Verblyf Stellenbosch:* Selfsorg-akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig, privaat. www.121jonkershoekroad.co.za. Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za.

*A week available:* Strand Pavilion from 29 June to 6 July 2012 (second week of school holidays). Sleeps 6. R4 500.00. Contact 082 979 4667.

### SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

*Southern Suburbs to Stellenbosch:* Lift urgently needed. Working hours fairly flexible. Will contribute to petrol costs. Contact LR2@sun.ac.za or sms LIFT and your details to 076 977 7740.

*Noordelike voorstede (Vredekloof of Stellenberg-omgewing) – Stellenbosch:* Saamryklub soek een persoon om saam te ry vanaf bogenoemde areas na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00 tot 16:30. Eie vervoer noodsaaklik. Kontak by mhanekom@sun.ac.za of 021 808 2601.

*Somerset West – Stellenbosch:* My werksure is 08:00 tot 16:30 (daagliks). Sal bydrae tot petrolkostes. Kontak asb oliviaa@sun.ac.za of sel: 078 202 8199.



Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het in Februarie tydens sy eerste Sosiale Uur vir 2012 afskeid geneem van Prof Arnold van Zyl, voormalige Vise-Rektor: Navorsing. Onder sy leierskap het die Biblioteek daarin geslaag om vernuwende dienste en fasiliteite ter ondersteuning van US-navorsing te ontwikkel. Hier oorhandig me Ellen Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens, en dr Therina Theron, Senior Direkteur: Narvorsing 'n skildery aan Van Zyl. *Foto: HENNIE RUDMAN*



Prof Johan Cilliers van die Fakulteit Teologie het op 21 Februarie sy intreerede, getitel *Die Optiek van Homilitiek: Prediking as omraming van perspektief*, in die Attie van Wyk-ouditorium gelewer en gesê prediking kan die raam waardeur ons na die lewe kyk, verander. Hier is Cilliers saam met proff Russel Botman, US rektor, en Nico Koopman, Dekaan van die Fakulteit Teologie. *Foto: JUSTIN ALBERTS*



Personeel van Admin B en C wag geduldig langs Victoriastraat om na hul kantore terug te keer ná 'n brandoefening wat vroeg in Februarie gehou is. Die brandoefening is gehou onder die wakende oog van verteenwoordigers van die Stellenbosch Brandweer en is 'n inisiatief van die Veiligheidskomitee van dié twee geboue. Alle US-geboue word in terme van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid verplig om 'n veiligheidskomitee te hê wat die veiligheid van die gebou en personeel deurlopend bestuur. Vir meer inligting besoek https://stbsp01.stb.sun.ac.za/ohsa/default.aspx. *Foto: STEFAN ELS*